# Hoofstuk 3
## *Ubuntu*

### Luister en praat

### Lug jou mening

**Aktiwiteit 3.1: Gee jou mening oor 'n teks**
*KABV bl. 21 – 22*

Vra leerders om ná die groepbespreking terugvoer te gee aan die klas. Help leerders om dieper as die oppervlak te dink en hulle terugvoer duidelik te formuleer. Leerders moet beurte maak om te praat en seker maak dat hulle gesigsuitdrukking, liggaamshouding en gebare gepas is. Hier volg moontlike antwoorde op die vrae in die leerdersboek.

3.1.1 Hoe kan mense **grense** tussen hulle afbreek?

*Hulle kan mekaar beter leer ken. Hulle kan oop gesprekke hê oor hulle verskille* [DV3/4]

3.1.2 Watter interessante feit ken jy van 'n ander kultuur?

*Baie Afrikaanse mense hou van sokkie. In die Xhosa-kultuur moet 'n man lobola betaal as hy met 'n vrou wil trou.* [DV1/2]

3.1.3 Noem een ding wat jy mooi vind van iemand anders se kultuur.

*Ek hou daarvan dat familie baie belangrik is in die Indiese kultuur.* [DV1/2]

3.1.4 Hoekom bly mense by dit wat hulle ken?

*Dit laat hulle veiliger voel. Dis 'n gemaksone. Hulle is bang vir verandering. Hulle is onkundig.* [DV5/6]

3.1.5 As jy êrens anders in Suid-Afrika kon bly, waar sou dit wees en hoekom?

*Ek sou in Durban wil bly, want hulle het warm winters.* [DV1/2]

3.1.6 Hoekom is jy trots om 'n Suid-Afrikaner te wees?

*Die mense is warm en vriendelik. Ons het 'n ver pad gekom en baie gegroei sedert 1994. SA is een van die mooiste lande in die wêreld. SA is 'n reënboognasie.* [DV1/2]

**Aktiwiteit 3.2: Bespreek 'n skets**

*KABV bl. 21 – 22*
Loop deur die klas en luister na leerders se opinies. Beantwoord vrae en help met woordeskat. Moedig leerders aan om hulle idees, menings en ervarings met hul klasmaats te deel.

Wat moet 'n mens doen om konflik op te los en te vermy?

*Luister na mekaar., Tel tot tien voor jy reageer. Dink voor jy praat. Probeer om iemand anders se perspektief te verstaan. Plaas jouself in iemand anders se skoene. Fokus op die probleem.* [DV3/4]

Wat moet ŉ mens nie doen nie?
*Moenie op mekaar skree nie. Moenie beledigend word nie. Moenie aannames maak nie.* [DV3/4]

Waarvoor moet ŉ mens pasop? *Woede en selfsugtigheid.* [DV3/4]

**Aktiwiteit 3.3: Lig jou ken en sê jou sê**
*KABV bl. 24*

In hierdie aktiwiteit moet leerders in groepe van 5 opdeel en oor een of meer van hierdie onderwerpe debatteer. Herinner leerders om hul sê te sê en mekaar die geleentheid te gee om te praat. Hier is ŉ paar wenke om leerders te help:

1) Moedig hulle aan om aandagtig na mekaar te luister. 2) Orde moet ten alle tye gehandhaaf word. 3) Besluit hoe lank elke spreker mag praat en moenie dat iemand die tydbeperking oorskry nie. 3) Leerders moet hul menings staaf. 4) Leerders moet op mekaar se opinies reageer en vry voel om vra te vra.

Hier volg ŉ paar idees rondom die temas:

3.3.1 Seunskole en meisieskole moet verban word.
*Seuns en meisies in enkelgeslagskole sukkel om met die ander geslag te kommunikeer. Teenoor: Seun- en meisieskole vaar akademies beter.*

3.3.2 Skoolklere moet vervang word met gewone klere.
*Skoolklere skep eenvormigheid en help met beter dissipline. Teenoor: Gewone klere laat leerders toe om uitdrukking aan hul eie persoonlikhede te gee.*

3.3.3 **Snoepies** behoort nie ongesonde kos by die skool te verkoop nie.
*Snoepies behoort kinders te help en aan te moedig om gesonder te eet. Teenoor: Ongesonde kos verkoop beter en so maak die skool meer wins.*

3.3.4 **Lyfstraf** behoort nie teen die wet wees nie.
*Lyfstraf is fisieke mishandeling en teen die wet. Teenoor: Lyfstraf sal verseker dat daar beter dissipline by skole is.*

3.3.5 Leerders behoort nie selfone by die skool te hê nie.
*Leerders behoort nie selfone by die skool te hê nie, want hulle gebruik dit tydens klas en dit trek hulle aandag af. Teenoor: Leerders moet selfone by die skool hê sodat hulle hul ouers kan kontak.*

3.3.6 ***Androïede fone*** is beter as ***iPhones.***

***Androïede fone*** *is goedkoper as iPhones. iPhones se kameras is beter as* ***androïede fone*** *se kameras.*

**Lees en kyk**

**Aandagtige lees**

Leerders gaan in hierdie aktiwiteit vir begrip lees en vrae oor die leesstuk beantwoord. Behandel die pre-lees aktiwiteit as inleiding en help leerders om oor die skrywer se houding en mening na te dink.

**Pre-lees**

1. Wat beteken dit om hoop te hê?
   ***Jy sien uit na iets positiefs wat voorlê.***
2. Hoe kan jy 'n verskil maak in die samelewing?
   ***Jy kan 'n projek reël om blikkieskos vir minderbevoorregtes in te samel. Jy kan jou vriend met sy akademie help.***
3. Wat beteken versoening?
   ***Dit beteken om 'n verhouding herstel.***

**Tydens lees**

**Identifiseer die skrywer se houding en mening**

- Is die skrywer positief of negatief?
  ***Positief***
- Maak die skrywer van gevoelstaal gebruik?
  ***Ja, byvoorbeeld: "Ek is baie lief vir Suid-Afrika."***
- Wat is die doel van die teks?
  ***Dit wil Suid-Afrikaners hoop gee en inspireer om die verandering te wees wat hulle wil sien.***

**Aktiwiteit 3.4: Gee jou mening**

*KABV bl. 28 – 31*

3.4.1 Watter emosie of gevoel pas by die spreker? (1)[DV1/2]
*C optimisme*

3.4.2 Waar moet verandering volgens die spreker begin? Par. 1? (1)[DV1/2]
*Dit moet by onsself begin. Ons moet die verandering wees wat ons wil sien.*

3.4.3 Maak die spreker gebruik van enige vorm van **stereotipering** in paragraaf 2? Motiveer jou antwoord deur aan te haal. (2)[DV3/4]
*Ja, "alle Suid-Afrikaners hou van braai"*

3.4.4 Hoekom kan ander lande by Suid-Afrikaners leer oor versoening en om te vergewe? Par. 2 (2)[DV3/4]
*Suid-Afrikaners kon apartheid agter hulle sit en mekaar vergewe vir wat gebeur het.*

3.4.5 Is die spreker blind vir Suid-Afrika se foute? Motiveer jou antwoord. Par.3 (2)[DV3/4]

*Nee, hy sê elke land het probleme en SA is nie anders nie.*

3.4.6 Noem twee dinge wat Suid-Afrikaners kan doen om beter saam te werk. Par.3 (2)[DV 1/2]

*Enige twee. Ons moet versigtiger op die paaie ry. Ons moet mekaar ondersteun tydens moeilike tye. Ons moet mekaar aanvaar. Ons moet meer lag. Ons moet beter kommunikeer en na mekaar luister. Ons moet leef en laat leef. Mense moenie krities wees nie. Mense moet mekaar help.*

3.4.7 Gee ŉ voorbeeld van **vooroordeel** in paragraaf 4. (1)[DV3/4]
*Kaapstad is die mooiste stad in Afrika.*

3.4.8 WAAR of ONWAAR. Motiveer jou antwoord deur aan te haal.
***Die spreker sal op 'n ander plek in SA gaan woon.*** Par. 4 (2)[DV3/4]
*Onwaar, "Ek woon al 30 jaar in die Kaap en sal nooit trek nie."*

3.4.9 Hoe kan Suid-Afrikaners mekaar beter verstaan? Par. 5 (1)[DV5/6]
*Ons moet meer praat en met mekaar kommunikeer.*

3.4.10 Wat dink jy kan mense doen om beter saam te werk en beter te kommunikeer? (2)[DV3/4]
*Eie opinie, byvoorbeeld: Mense moet mekaar eerste plaas. Mense moet besef twee is sterker as een. Mense moet na mekaar luister. Mense moet mekaar aanvaar en nie oordeel nie. Ons moet mekaar altyd respekteer.*

3.4.11 Waar lê ons land se hoop na jou mening? (2)[DV5/6]
*Eie opinie, byvoorbeeld: Ek dink dit is ons regering se verantwoordelikheid. Ek stem saam met die spreker, ons land se hoop lê in ons hande.*

3.4.12 Beskryf ŉ situasie van hoop wat jy al ervaar of gesien het. (2)[DV5/6]
*Eie voorbeeld, soos: Toe daar ŉ groot brand in die Kaap was, het baie vrywilligers die brandweer gehelp en mense het kos en water vir die brandweermanne gebring. Families het ook hulle huise oopgemaak vir diegene wat uit hul huise moes vlug.*

3.4.13 Hoe dink jy sou SA sonder apartheid lyk? (1)[DV5/6]
*Eie opinie, byvoorbeeld: Ek dink daar sou meer gemengde huwelike gewees het. Ek dink Suid-Afrika sou minder ontwikkeld gewees het. Na my mening sou daar meer gelykheid gewees het.*

**Aktiwiteit 3.5: Ondersoek 'n aanhaling**
*KABV bl. 30 – 31*

3.5.1 Wat is die boodskap wat die spreker wil oordra? (1)[DV1/2]
*B Moenie **diskrimineer** nie.*

3.5.2 Wat moet ons volgens die spreker meer doen? (1)[DV1/2]
*Ons moet mekaar meer help en ondersteun.*

3.5.3 Hoe dink jy is die spreker se houding teenoor mense wat anders as hy is? (Hy aanvaar mense wat anders as hy is / hy vermy mense wat anders as hy is.) (1)[DV3/4]

*Hy aanvaar mense wat anders as hy is.*

3.5.4 Wat sal jy doen as een van jou vriende nie saam met iemand wil kuier of uithang nie as gevolg van die persoon se finansiële status? (2)[DV3/4]

*Eie mening, byvoorbeeld: Ek sou vir hom sê dat ons almal dieselfde is in God se oë. Ek sou vir hom sê dat geld jou nie beter as iemand anders maak nie. Ek sou vir hom sê dat ek nie met iemand wil vriende wees wat diskrimineer nie.*

3.5.5 Hoekom diskrimineer mense teen ander na jou mening? (1)[DV5/6]

*Eie mening, byvoorbeeld: Mense het vooropgestelde idees oor mekaar.*

**Aktiwiteit 3.6: Regverdig jou eie mening**

In hierdie aktiwiteit gaan leerders meer oor die *ubuntu*-meisie leer. Sy is ŉ inspirasie vir alle Suid-Afrikaners. Help leerders om die konsep van *ubuntu* beter te verstaan en wys daarna vir die klas die video van Sonja Kruse op *YouTube*. Volg hierdie skakel: https://youtu.be/6wklvykAavM of tik net "Sonja Kruse" in.

3.6.1 Hoe weet ons dat Sonja afhanklik was van ander mense? (1)[DV1/2]

*Sy het net ŉ rugsak, kamera, selfoon en R100 by haar gehad en sy het deur Suid-Afrika gestap sonder ŉ plek om te bly.*

3.6.2 Voel die spreker dat *ubuntu* nog ŉ realiteit in Suid-Afrika is? Motiveer jou antwoord deur een woord aan te haal. (2)[DV1/2]

*Ja, "lewendig"*

3.6.3 Waar kan ons meer inligting oor Sonja kry? (1)[DV1/2]

***www.theubuntugirl.co.za***

3.6.4 Dink jy *ubuntu* is nog relevant in die 21ste eeu? Motiveer jou antwoord. (2)[DV3/4]

*Eie opinie, byvoorbeeld: Ek dink dit is relevant, want tegnologie sal nooit ŉ mens kan vervang nie. Ek dink dit is relevant, want mense het mekaar nodig.*

**Skryf en aanbied**

**Aktiwiteit 3.7: Doen aansoek vir jou ID**

*KABV bl. 45*

Vra leerders om die vorm in hulle werkboeke oor te teken en die nodige inligting in te vul:

| EERSTE AANSOEK VIR 'N IDENTITEITSKAART | |
|---|---|
| **IDENTITEITSNOMMER:** | **0101015194089** |
| **APPLIKANT** | |
| Van: | **Duma** |
| Volle naam: | **Joe Richard** |
| Geboortedatum: | **01/01/1901** |
| Geslag: | **Manlik** |
| Telefoonnommer: | **0893451901** |
| Land van geboorte: | **Suid-Afrika** |
| Dorp/stad van geboorte: | **Kaapstad** |

| | |
|---|---|
| **PERSOONLIKE STATUS** | |
| Immigrante: permanente verblyfspermitnommer: | **34561890** |
| Land van burgerskap: | **Malawi** |
| Datum van permanente immigrasie: | **15 Januarie 2012** |
| **BURGERSKAP** | |
| Het u aansoek gedoen vir **burgerskap** in enige ander land? | **Nee / Ja** |
| Indien wel, wanneer? | **11 Desember 2014** |
| Watter land? | **Nederland** |
| Woonadres | **Kampstraat 22, Daveville, Kaapstad, 7934, Suid-Afrika** |
| Posadres | **Dieselfde as woonadres** |

**Aktiwiteit 3.8: Skryf 'n e-pos [Formele Assesseringstaak 3]**
*KABV bl. 42*

Struktuur:
Die e-pos moet 'n sender-adres en onderwerp hê.
Die e-pos moet begin met "Beste" of "Liewe".
Die e-pos moet eindig met "Groete" of "Liefde".
Onderwerp:
Die leerder moet by die onderwerp bly.
Taal:
Het die leerder die e-pos geproeflees?
Het die leerder gepaste taal gebruik?

## Taalstrukture en -konvensies

### Terme en betekenis

**Aktiwiteit 3.9 Woordbetekenis**
*KABV bl.103 – 112*

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 3.9.1 | E | (1) | 3.9.6 | D | (1) |
| 3.9.2 | I | (1) | 3.9.7 | J | (1) |
| 3.9.3 | G | (1) | 3.9.8 | C | (1) |
| 3.9.4 | J | (1) | 3.9.9 | F | (1) |
| 3.9.5 | A | (1) | 3.9.10 | J | (1) |

**Aktiwiteit 3.10: Direkte en indirekte rede**
*KABV bl. 50*

3.10.1 Shena sê: "Ek is trots Suid-Afrikaans."

*Shena sê dat sy trots Suid-Afrikaans is.* (2)

3.10.2 Dylan vra: “Is die toets Maandag?”

*Dylan vra of die toets Maandag is.* (2)

3.10.3 Hy sê: “Ons gaan almal respekteer.”

*Hy sê dat hulle almal gaan respekteer.* (2)

3.10.4 Mpo vra vir Karen: “Het jy jou huiswerk gedoen?”

*Mpo vra vir Karen of sy haar huiswerk gedoen het.* (2)

3.10.5 Mandela het gesê: “Dit is vandag die begin van ŉ nuwe hoofstuk.”

*Mandela het gesê dat dit daardie dag die begin van ŉ nuwe hoofstuk was.* (2)

3.10.6 Jana sê dat sy gasvry wil wees.

*Jana sê: “Ek wil gasvry wees.”* (2)

3.10.7 Amy vra wanneer die kultuuraand is.

*Amy vra: “Wanneer is die kultuuraand?”* (2)

3.10.8 Aileen sê dat hulle die Distrik 6 Museum wil besoek.

*Aileen sê: “Ons wil die Distrik 6 Museum besoek.”* (2)

3.10.9 Aidan vra of Suid-Afrika se hoop in hulle hande is.

*Aidan vra: “Is Suid-Afrika se hoop in ons hande?”.* (2)

3.10.10 Jean sê dat elkeen ŉ opinie moet hê.

*Jean sê: “Elkeen moet ŉ opinie hê.”*

**Aktiwiteit 3.11 Woordeskat in konteks**

*KABV bl. 11 – 15*

3.11.1 Hoe kan mense *grense* tussen hulle afbreek en meer *deernis* vir mekaar hê? (2)

3.11.2 Hoe kan ŉ mens mense *oortuig* dat hulle verkeerd is. (1)

3.11.3 Daar is *verskillende* kulture in Suid-Afrika. (1)

3.11.4 Ek moet leer om my *menings* te verdedig. (1)

3.11.5 Hy weet nie *waarheen* hy op pad is nie. (1)

3.11.6 As ons mekaar vergewe kan *versoening* plaasvind. (1)

3.11.7 Elaine is baie *gasvry* en laat ons altyd welkom voel. (1)

3.11.8 Dit was ŉ wonderlike *ervaring* om deur Suid-Afrika te stap. (1)

3.11.9 Suid-Afrikaners moet mekaar *ondersteun* om as land te groei. (1)

3.11.10 *Vooroordeel* staan in die pad van aanvaarding en respek. (1)